UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
13 SEP 1965
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY

I.M.S.
Vol. I, No. 65

MUNISIPALITEIT — MUNICIPALITY

STELLENBOSCH

25 Junie 1965.

## BEHOUD VAN ONS OU GEBOUE

Ek het onlangs die geleentheid gehad om hierdie aangeleentheid met die lede van die plaaslike tak van die Stigting Simon van der Stel te bespreek. Daar bestaan by hulle groot besorgdheid oor die feit dat Stellenbosch nog steeds van sy ou historiese geboue verloor in die proses van ontwikkeling wat onverpoosd voortduur. Kort-kort moet daar met weemoed gesien word hoedat 'n mooi ou gebou afgetakel word om plek te maak vir 'n nuwe struktuur. Die vraag het ontstaan wat kan die Stadsraad, asook die Stigting self hieraan doen.

Die standpunt van die Stadsraad was nog altyd dat hy alles in sy vermoë sal doen om geboue te red wat die moeite werd is om te bewaar. In dié verband kan verwys word na die restourasiewerk wat reeds deur die Raad self gedoen is in die geval van die Burgerhuis, Grosvenorhuis, die Kruithuis en in 'n mate ook die Koetsiershuis.

Verder is daar die positiewe aanmoediging aan eienaars van historiese geboue om hulle ontwikkelingskemas so te beplan dat, ten minste die uiterlike van die betrokke geboue, bewaar bly.

Derdens het die Raad ook al sekere buitengewone toegewings aan sulke eienaars gedoen om moderne ontwikkelingskemas moontlik te maak op voorwaarde dat hulle die ou geboue wat op die persele staan, bewaar. Die toegewings is ten opsigte van vloeroppervlakte, totale grondbedekking, ens. In hierdie rigting bestaan daar beslis nog heelwat moontlikhede, veral as die samewerking van die provinsiale owerhede verkry kan word.

Die verdere vraag kan nou hier gestel word of die Stadsraad meer as bogenoemde kan doen. Daar moet onthou word dat die fondse van die Raad wat op die aankoop van ou geboue gespandeer kan word, uiters beperk is. Die saak word ver-

gemaklik as daar instansies is wat vooraf 'n waarborg ter dekking van die rente en delging vir die hele leningstermyn sal gee. Welslae in hierdie rigting hang af van die mate van steun wat veral sakeondernemings bereid sou wees om aan die Raad te gee, op die wyse wat ons hierbo aangedui het.

'n Groot verantwoordelikheid rus ook op die skouers van die gemeenskap self om uit eie beweging te doen wat hulle kan vir die behoud van ou geboue. Met waardering dink ons aan die gevalle waar indiwidue en organisasies reeds tussenby getree het, ou geboue opgekoop en gerestoureer het. In daardie verband kan nog veel meer gedoen word.

Nadat hierdie aangeleentheid breedvoerig met die lede van die Stigting bespreek is, is daar besluit dat as 'n eerste verdere stap 'n lys van alle ou geboue wat behoudenswaardig is opgestel sal word. Daarna kan met die betrokke eienaars onderhandel word met die oog op groter samewerking. Dit sal verhoed dat die Raad telkens voor 'n voldonge feit gestel word waar die eienaar reeds besluit het om te sloop of te ontwikkel op 'n wyse wat die ou gebou ook in die gedrang sal bring.

## LANGENHOVEN-GEDENKSAAL

Dit is seker alombekend dat die Stadsraad vroeg in 1964 besluit het om met die Universiteit te onderhandel oor die afstanddoening van 'n gedeelte van die Jan Marais-park, ongeveer 3.5 morg, wat as perseel vir die Langenhoven-Gedenksaal gebruik sal word, en wel in ruil vir ander grond wat aan die Universiteit behoort. Die voorgestelde transaksie is later behoorlik geadverteer, en heelwat besware is ingedien. Op sy jongste vergadering het die Raad weer eens die saak oorweeg, en daar is nou besluit om van die voorgestelde ruiling af te stap.

---

2nd July, 1965.

## THE REVISED VOTERS' ROLL

On the 21st of May I announced the appointment of the Revision Court which was to meet in order to revise the Voters' Roll and bring it up to date pending the preparation of an entirely new roll next year. At its sitting held on 21st June the Court dealt with 246 applications to have names put on the Roll; 120 from owners and 126 from occupiers.

The Court also dealt with 260 objections to names on the Roll of which 100 concerned owners and 160 occupiers.

The previous Roll had the names of 1,617 owners on it to which 120 have now been added and from which 100 names were removed, thus bringing the total up to 1,637. In the case of the occupiers, however, after 126 names were added and 160 names taken off, the total came down to 1,762. The nett result of all this is that there are now 3,399 names on the Voters' Roll compared with 3,413 on the previous one.

In connection with the revision of the Voters' Roll I must point out that the Council has no right to place new names on the Roll except those for which application forms have been completed. In the case of the preparation of an entirely new roll the names of all persons who are considered eligible for the Municipal franchise, whether as an owner or an occupier, may be put on the draft Roll which is open for inspection and which is subsequently approved or altered by the Court. This in effect will be done during the first half of 1966.

## THE JULY COUNCIL MEETING

The July Ordinary Meeting of the Council will take place on Tuesday, the sixth of the month. There will be no Committee Meeting until 10th August, when the regular routine of one Committee Meeting and one Ordinary Meeting of the Council per month will be followed again until December.

## A DISTRICT NURSE

The idea of appointing a nurse who will bring to the homes of those who cannot be accommodated at a hospital, the help and nursing which they often desperately need, was suggested some time ago and received the support of the Council. To its disappointment the Council had to hear that the Provincial Administration considered that such a service would not be justified at Stellenbosch.

The Council will now submit the matter to the Director of Hospital Services and has resolved that an opportunity for personal discussion be arranged.

## UNION PARK

A look from the hills surrounding Stellenbosch shows that the township is beginning to shape. Heavy scars across the hills show where bulldozers and trenchers are doing their

work of levelling the ground for the streets and opening up the trenches for the sewers. The pipes for the water supply are not yet being laid. This work will soon follow, however, and I am glad to be able to say that the reservoir which will serve this area is just about completed.

The Council is receiving regular progress reports and it has, in anticipation of the completion of the development work, drawn up and adopted the conditions of sale which will apply to this residential area.

**100 YEARS AGO**

The month of June, 1865, appears to have been a quiet one for the Municipality; possibly most of the Councillors were away. In fact the Ordinary Meeting which was to have been held on 27th June did not take place. The only entry "no meeting took place" in the minute book is signed by the Secretary, Mr. P. Korsten. Ordinarily the Councillors signed the minutes.

Recently there has been discussions regarding certain improvements to Market Street. Hundred years ago it was resolved "to put the Market Street in a proper state of repair and to have a row of oak trees planted in a line with those now standing under the supervision of Messrs. van der Byl and Neethling!"

The question of a fine for the owner of fowls found roaming in the streets was debated on several occasions. The first suggestion was that the fine should be 6d per fowl with a maximum fine of 5/-. Ultimately it was resolved that the fine should not be more than 3d per fowl!

---

23 Julie 1965.

**BESOEK VAN WAARN. ADMINISTRATEUR AAN STELLENBOSCH**

Op 2 Julie 1965 het ons die voorreg gehad om mnr. F. D. Conradie, L.U.K., wat as Administrateur waargeneem het in die afwesigheid van mnr. Nico Malan, hier op Stellenbosch te ontvang. Mnr. Conradie is in beheer van munisipale aangeleenthede en dit is in hierdie hoedanigheid dat hy ons besoek het. Van die geleentheid is gebruik gemaak om ons voorgestelde hoofpadstelsel en 'n aantal hersoneringsvoor-

stelle met hom en sy senior amptenare te bespreek. Ons is getref deur die begrip en insig wat mnr. Conradie in verband met ons probleme aan die dag gelê het, hoewel hy maar eers onlangs die betrokke portefeulje oorgeneem het.

Daar bestaan geen twyfel nie dat die Munisipaliteit in hom 'n baie goeie en simpatieke vriend sal hê.

Terloops kan net hier bygevoeg word dat al vier die huidige L.U.K.'s Oud-Maties is — drie is produkte van die Fakulteit van Regte en een het 'n handelsopleiding ontvang.

**PLEINSTRAAT**

Inwoners van ons dorp het ongetwyfeld die konstruksiebedrywighede in Pleinstraat reeds opgemerk — sommige met 'n mate van ongerief vir hulself. Omdat wat tans daar gedoen word wesenlike verbeterings verteenwoordig, hoop ek dat almal enige ongerief wat veroorsaak mag word, met geduld sal verdra.

Eerstens is die Ingenieursdepartement besig om 'n behoorlike sypaadjie voor die Baracuda teekamer aan te lê en terselfdertyd die straat aldaar effens te verbreed. Veral vir die voetgangerverkeer was hierdie deel altyd 'n knelpunt en mense sal voortaan daar met groter gerief en veiligheid kan stap.

Tweedens het die Elektrisiteitsafdeling begin met die rekonstruksie van die elektriese toevoerstelsel in Pleinstraat. Dit bring mee dat die onooglike bogrondse drade deur ondergrondse kabels vervang sal word en verder word die elektriese pale in die middel van die straat deur twee rye pale op die sypaadjies vervang.

Langs hierdie weg hoop ons om Pleinstraat 'n aantrekliker voorkoms te gee en ook die straatbeligting aansienlik te verbeter.

**BANTOES IN DIE DORP**

Daar is van tyd tot tyd in hierdie rubriek melding gemaak van die pogings van die Raad om Bantoes woonagtig in die dorp oor te plaas na Kaya Mandi, in ooreenstemming met die beleid van die Regering.

In die verlede is ons in dié verband aan bande gelê deur gebrek aan beskikbare akkommodasie in die Bantoedorp, maar onlangs is 'n aantal tydelike huise aldaar opgerig en is die probleem met groot welslae weer aangepak. Tans is die posisie dat alle Bantoes by Universiteitskoshuise verwyder is, terwyl die Botmaskopgebied nou slegs Kleurlinge bevat. In Idasvallei is daar nog twee Bantoegesinne en verder woon

daar 'n aantal in Du Toitstasie. Hulle kon nog nie verwyder word nie, omdat gesinshuise vir die doel benodig word, maar die Raad gee ook aandag daaraan. Origens is daar by enkele hotelle klein konsentrasies van Bantoewerkers wat uit die aard van die werk wat gedoen moet word, op die persele beskikbaar moet wees.

## OORHANDIGING VAN PADVEILIGHEIDSTROFEE

Soos reeds bekend, was Stellenbosch die wenner van een van die trofees wat uitgereik word aan die dorpe wat daarin slaag om die grootste vermindering in die getal padongelukke in 'n bepaalde tydperk te bewerkstellig.

Daar is nou gereël dat die trofee op 11 Augustus 1965 in Pretoria aan die Burgemeester oorhandig sal word, tydens die vergadering van die Verenigde Munisipale Bestuur wat terselfdertyd gehou word.

---

30th July, 1965.

## MORE EFFICIENCY IN MUNICIPAL ADMINISTRATION

In a previous contribution I referred to an address delivered by Mr. W. J. B. Slater, a former Provincial Secretary, at the recent congress of the Cape Province Municipal Association on the system of local government as we know it. He raised the question of what measures could possibly be devised to procure more efficiency, and since then all local authorities were invited to formulate suggestions which would in due course be considered by the Executive Committee of the Association. On the 22nd July a small group of Executive members met in Cape Town to conduct further discussions with Mr. Slater in an attempt to formulate some practical proposals which could be investigated further.

It was generally felt that the Municipal Association should create an independent and full-time secretariat which would be in a position to render advisory services to individual municipalities who desired to improve their executive machine. This would probably imply, inter alia, the appointment of a team of experts in organisation and method. The large municipalities normally are able to appoint professional staff for their own needs, but the smaller centres cannot by any means afford such a luxury, although it is commonly acknowledged to be an indispensable feature in modern society where the streamlining of procedures to reduce costs is very much a necessity.

It will also be recalled that Mr. Slater had been appointed by the Honourable the Administrator, Mr. J. N. Malan, some years ago as a one-man commission to enquire into the affairs of the Cape Town Municipality. His recommendations which have since been accepted by the Provincial Administration, provided, inter alia, for the size of the City Council to be reduced from forty-five to thirty members, and further for the introduction of the executive committee system as practised in the Transvaal. His report specifically dealt with Cape Town, but I would not be surprised if at some future date a reduction in the number of councillors for some, if not all, local authorities is to be effected. Whether smaller councils will operate more efficiently than larger ones is a matter for speculation, but according to Mr. Slater this is the general tendency overseas.

## STELLENBOSCH/HOTTENTOTS HOLLAND FIRE PROTECTION COMMITTEE

I do not think that many members of the public are aware of the existence of this organisation or of the very important service which it is rendering to the community.

The Soil Conservation Act, promulgated some 19 years ago, provided, inter alia, for the demarcation of the number of areas in which special measures were to be devised for the protection of the very vital water catchments. The denudation of mountain slopes as a result of fires constitutes a serious threat to our water supplies, and the Fire Protection Committees appointed for the various areas must ensure that adequate protective measures are in fact taken to eliminate or reduce the risk as far as possible.

The Committee for our region consists of fourteen members appointed by the Minister of Agriculture to represent the various areas as widely as possible. Normally it meets once every quarter, and at its last meeting on the 23rd instant the Chairman raised the contentious question whether the existing machinery employed to combat mountain and other fires was indeed efficient. Although the service is subsidised by the Government, the onus nevertheless rests on the community to create its own fire-fighting machinery and according to the Chairman consideration might well be given to the establishment of a number of strategically placed highly mechanised units within convenient reach of the most dangerous zones. The training of staff was another aspect which was dealt with, as well as the financing of any project undertaken.

Much has already been done by way of clearing fire belts and the construction of access roads along the mountain

slopes, and this good work is still proceeding. It was pointed out at the meeting that we were very fortunate over the past summer season in as much as hardly any fires of any magnitude occurred, but the danger is always present and I must on behalf of the Community, express a word of sincere gratitude to the Committee members who are prepared to devote so much of their time and energies in the public interest.

**PERSONAL**

I have been informed that Dr. C. H. Mostert, Medical Superintendent at the Stellenbosch Sanatorium, is making good progress after his recent very serious accident at Grootfontein, South West Africa.

I trust that his recovery will be complete. Mr. D. P. Joubert our Chief Health Inspector, had an operation in the local hospital on the 21st instant, and he too is making excellent progress. Our best wishes are also extended to him.

---

6 Augustus 1965.

**JUBILEUM-KONGRES: VERENIGING VAN AFDELINGSRADE**

Die Vereniging van Afdelingsrade van Kaapland het die afgelope week op George sy jaarlikse Kongres gehou en het terselfdertyd sy vyftigjarige bestaan gevier. Die tradisie is dat die Presidente van hierdie Vereniging en van die Kaaplandse Munisipale Vereniging erelidmaatskap oor en weer geniet, en gevolglik het ek ook die voorreg gehad om die verrigtinge by te woon en om die gelukwensinge van die Munisipale Vereniging oor te dra.

Die instelling van Afdelingsrade soos ons dit ken in Kaapland kom natuurlik nie elders in Suid-Afrika, en moontlik nie in ander dele van die wêreld voor nie. Dis ons Provinsie se eie skepping, en ten spyte van die baie kritiek en bedenkinge wat periodiek teen die stelsel gelug word, kan ons dit nie betwis dat Afdelingsrade uiters noodsaaklike dienste lewer wat deur geen ander organisasie behartig kan word nie. Die vermelde kritiek is in die reël teen sekere aspekte van die stelsel gemik, maar soms word daar selfs vir die algehele afskaffing daarvan geagiteer. Niemand kon egter nog 'n bevredigende alternatief voorstel nie en tot tyd en wyl dit gebeur, sal Afdelingsrade seker voortgaan om op 'n breë terrein dienste te lewer waarvan die hele gemeenskap ook die voordele geniet.

Graag wens ek die Vereniging van Afdelingsrade 'n vrugbare bestaan toe ook in die tweede skof wat hy nou begin.

## SWEMDAMME OP PRIVATE PERSELE

Op 'n vorige geleentheid het ek reeds melding gemaak van die kommer wat daar by baie lede van die gemeenskap bestaan oor swemdammetjies op private persele. So dikwels gebeur dit dat hierdie groot bron van plesier en vermaaklikheid tog sy slagoffers eis, in die reël jong kindertjies. Hoe groot die voorsorgmaatreëls ook al mag wees, bly die dammetjies nog maar altyd 'n lewensgevaar, en ek wil dus weer 'n beleefde beroep op die betrokke eienaars doen om toe te sien dat daar behoorlike omheinings is of ander veiligheidsmaatreëls getref word wat noodlottige ongelukke sal uitskakel.

Ek het so pas 'n brief van 'n belastingbetaler ontvang waarin hy my aandag vestig op spesifieke gevalle waar damme in sy omgewing heeltemal oop is, en alle ouers met jong kinders in die buurt kan net nie ontslae raak van die vrees dat daar vroeër of later iets tragies moet gebeur nie. Die Stadsraad wil hom nie onnodig met die individu se vryheid inmeng nie, vir sover dit die gebruik en benutting van sy eiendom betref, maar die belange van die hele gemeenskap kom eerste, en die behoud van een menselewe is seker meer werd as al die swemdammetjies in Stellenbosch. Die Raad sal dus moet optree en veiligheidsmaatreëls voorskryf, indien die betrokke eienaars nie uit eie beweging die nodige stappe doen nie.

## HERSIENING VAN SKATTINGSROL

'n Algemene taksering van vaste eiendomme is in 1954 laas hier uitgevoer, en sedert 1964 is die Raad weer besig met 'n volledige opname van alle persele en geboue in die dorp. Die Provinsiale skatters sal waarskynlik teen die einde van 1966 'n nuwe waardasierol opgestel het wat dan vir die volgende vyf jaar vir belastingdoeleindes sal dien. Die Provinsiale Administrasie se beleid is om voortaan elke vyf jaar so 'n hersiening deur te voer.

Die ondersoek is deeglik en alle ongeoorloofde strukture en oorskrydings word ook aangeteken. Die Stadsraad het tot dusver optrede hierteen vertraag omdat hy eers 'n volledige rekord wou hê, maar alle gevalle sal nou stelselmatig ondersoek word om te bepaal hoe die betrokke eienaars die posisie moet regstel. In die ou dorp is die saak baie ingewikkeld, aangesien daar talle strukture opgerig is voordat die bestaande bouregulasies van toepassing was. Nogtans is daar baie oortredings begaan nadat daardie regulasies uitgevaardig is, en die Raad sal geen ander keuse hê as om aftakeling te gelas nie.

13th August, 1965.

## MEETING OF UNITED MUNICIPAL EXECUTIVE

This body which is representative of the Municipal Associations of the four provinces and South West Africa as well as the Association of Divisional Councils in the Cape, held its half yearly meeting in Pretoria on the 10th and 11th instant and was attended by myself and the Town Clerk. The agenda was as bulky as usual, but the Executive performs a most important task as the final co-ordinating body in local government affairs.

## HANDING OVER OF ROAD SAFETY TROPHY

As I recently announced, Stellenbosch had the distinction of winning one of the annual trophies awarded by the Road Safety Association to the local authorities in the three groups whose areas showed the best results in the reduction of road accidents during 1964. The State President presided at a special function arranged by the Association for the handing over of the trophies in Pretoria on the 11th August, and fortunately I was able to receive the trophy on behalf of Stellenbosch during my attendance of the meeting of the United Municipal Executive to which I referred above.

## STAFF PROBLEMS

Considerable publicity has during the past few days been given in the public press to the statement by his Honour the Administrator at the Congress of the Association of Divisional Councils in connection with the practice amongst local authorities of continually increasing the salary scales of their employees. Mr. Malan expressed his surprise at the fact that Divisional Councils, which have existed for more than 100 years, have never attempted to achieve some uniformity in this respect, but have instead left it to every Council with the results as they are being observed at present. The same of course applies to Municipalities. The Government is concerned at this state of affairs and unless local authorities can themselves curb this rising tendency, higher authorities might have to institute some form of control.

This is a matter which will have to receive the serious attention of local government throughout the Republic, and via the United Municipal Executive it will in the months to come probably figure on the agenda of most provincial associations.

There is, of course, at the present juncture a serious shortage of professional and technical personnel in this country, due largely to the unprecedented economic development in recent years.

Keen competition for the available man-power has been the order of the day, with private industry often in a position to outbid local and central authorities. The result has been this spiral of rising salaries to which Mr. Malan referred in his address at George and which is causing increasing concern in government circles.

---

20 Augustus 1965.

**ONS MUSEUM**

Die afgelope maande is daar heelwat geskryf oor die naam van ons Museum en veral is daar bedenkinge oor die benaming „Grosvenorhuis Museum" uitgespreek.

Die Raad van Trustees het verlede week op sy maandvergadering die aangeleentheid bespreek en daar is uiteindelik besluit dat die naam voortaan „Stellenbosch-Museum" sal wees. Die naam van die gebou bly natuurlik onveranderd naamlik Grosvenorhuis, omdat dit onder daardie naam as historiese monument verklaar is.

Ek wil vertrou dat die nuwe naam algemene byval sal vind en dat die meningsverskil wat daaroor ontstaan het, hiermee beëindig is.

**RUILING VAN EIENDOMME MET DIE STAAT**

Ons is bly om te kan sê dat vir praktiese doeleindes dit aanvaar kan word, dat die vier eiendomme in Dorpstraat wat aan die Staat behoort, te wete, Tinetta-huis, Alma, Transvalia en die vroeëre huis van wyle dr. Bosman, saam met oop grond wat van Dorpstraat tot by Noordwal strek, in besit van die munisipaliteit sal oorgaan in ruil vir sekere munisipale grond tussen Alexander- en Du Toitstraat, wat die Staat wil gebruik om nuwe polisiekwartiere daar op te rig. Die transaksie is nou beklink en daar bly slegs die gewone formaliteite oor om af te handel.

'n Komitee van die Raad het opdrag gekry om aanbevelings te maak betreffende die toekoms van die geboue, hul restourasie en die doeleindes waarvoor dit in die toekoms gebruik kan word.

Ons is almal bewus van die belangrike rol wat die vier geboue in die beeld van Dorpstraat soos ons dit altyd geken het, speel en daar sal seker sterk steun vir die behoud daarvan wees. Weens die vervalle toestand waarin hulle verkeer, sal die herstelkoste hoog wees.

## BOKS- EN STOEIKLUB — KAYA MANDI

Die Bantoe-Adviesraad van Kaya Mandi het besluit om 'n boksklub vir Bantoes in die lewe te roep. Ondervinding in ander lokasies het alreeds geleer dat dit 'n besonder belangrike stap kan wees om veral jeugdige Bantoes besig te hou.

Daar ontstaan natuurlik, soos altyd, die kwessie van fondse vir die aankoop van die nodige uitrusting.

Ek voldoen graag aan die versoek wat aan my gerig is om 'n beroep op die publiek te doen om tweedehandse uitrusting wat miskien beskikbaar is en nie meer gebruik word nie, tot beskikking van die boksklub te stel.

Belangstellendes wat kan help, moet asseblief met mnr. P. S. Pietersen, die bestuurder van Bantoe-Administrasie, in verbinding tree. Sy telefoonnommer is 4801.

## BESOEKE AAN STELLENBOSCH

Die Stadsraad het hierdie week besoeke ontvang van die Burgemeester en Raadslede van Worcester in verband met die voorneme van daardie Munisipaliteit om 'n stadhuis te bou, asook van verteenwoordigers van die Munisipaliteit van Bellville wat munisipale aangeleenthede met ons kom bespreek het.

## SWEMDAMME OP PRIVATE PERSELE

Daar word nog steeds by die Stadsraad sterk daarop aangedring om stappe te doen om kinders teen die gevare wat oop swemdamme op private persele inhou, te beveilig. Volgens inligting wat verkry is, bestaan daar byvoorbeeld in Kaapstad regulasies wat daarop gemik is om eienaars te verplig, in verband met sekere werke wat hulle op hul persele laat doen, en wat moontlik 'n bron van gevaar kan inhou, te verplig om redelike voorsorgmaatreëls ter beveiliging van die publiek te tref.

Die Raad het so pas besluit dat konsep-regulasies gebaseer op dié van Kaapstad opgestel en aan die Raad voorgelê moet word. Die Raad huiwer om in die vryheid van die individu in te gryp, maar hy is tegelykertyd ten seerste bewus van sy verantwoordelikheid om alles in sy vermoë te doen om die lewe van die kindertjies in 'n omgewing te beveilig.

W. C. DEMPSEY.

PRO EC. 8/65—A812.